“(8) A member to whom subsection (2), (3), (4), (5) or (7) does not apply, shall cease to contribute in terms of subsection (1) as soon as he has so contributed in respect of a period of twenty-five years.”.

No. 55, 1968.]

WET

Tot wysiging van die Wet op Pensioene vir Parlementsdiens en Administrateurs, 1965, ten einde die tydperke van pensioengewende diens te verleng; ten einde vir verhoogde pensioene voorsiening te maak; en ten einde die ouderdomsperk vir die betaling van pensioene af te skaf; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.

*(Afrikaanse teks deur die Staatspresident geteken.)
(Goedgekeur op 7 Junie 1968.)*

DAAR WORD BEPAAL deur die Staatspresident, die Senaat en die Volksraad van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

Wysiging
van artikel
2 van Wet 85
van 1965,
soos gewysig
deur artikel
2 van Wet 92
van 1967.

1. Artikel 2 van die Wet op Pensioene vir Parlementsdiens en Administrateurs, 1965 (hieronder die Hoofwet genoem), word hierby gewysig—

(a) deur subartikels (1), (2), (3) en (4) deur die volgende subartikels te vervang:

„(1) Behoudens die bepalings van hierdie Wet, moet 'n lid vanaf die eerste dag van April 1968, of vanaf die datum waarop hy 'n lid word, na gelang van watter die laatste datum is, en solank hy 'n lid bly, tot inkomste bydra teen die skaal van sewe en 'n halfpersent van sy pensioengewende salaris.

(2) 'n Lid wat op die dag onmiddellik voor die eerste dag van April 1968, nie minder as twee-en-twintig jaar en ses maande pensioengewende diens gehad het nie, hou op om ooreenkomstig subartikel (1) by te dra sodra hy ten opsigte van 'n tydperk van twee jaar en ses maande diens na daardie dag aldus bygedra het: Met dien verstande dat indien sy diens eindig voordat hy ten opsigte van die hele tydperk van twee jaar en ses maande bygedra het, hy geag word vyf-en-twintig jaar pensioengewende diens te gehad het.

(3) 'n Lid wat op die dag onmiddellik voor die eerste dag van April 1968 minder as twee-en-twintig jaar en ses maande pensioengewende diens gehad het, hou op om ooreenkomstig subartikel (1) by te dra sodra hy aldus bygedra het ten opsigte van 'n tydperk wat, indien dit gevoeg word by die tydperk van sy pensioengewende diens voor daardie datum, gelykstaan met vyf-en-twintig jaar.

(4) 'n Lid wat ingevolge artikel 3 (1) of (3) 'n keuse gedoen het, hou op om ooreenkomstig subartikel (1) van hierdie artikel by te dra sodra hy aldus bygedra het ten opsigte van 'n tydperk wat, indien bygereken by die tydperk wat as gevolg van bedoelde keuse pensioengewende diens geword het, gelykstaan met vyf-en-twintig jaar.”;

(b) deur subartikel (6) te skrap; en

(c) deur subartikel (8) deur die volgende subartikel te vervang:

„(8) 'n Lid op wie subartikel (2), (3), (4), (5) of (7) nie van toepassing is nie, hou op om ingevolge subartikel (1) by te dra sodra hy ten opsigte van 'n tydperk van vyf-en-twintig jaar aldus bygedra het.”.

2. Section 5 of the principal Act is hereby amended— Amendment of section 5 of Act 85 of 1965.
 (a) by the substitution for subsection (1) of the following subsection:

“(1) Subject to the provisions of this section, there shall, on the termination of his service, be payable to a member who has had not less than ten years of pensionable service, a pension calculated at the rate of one-twenty-fifth of the annual average of his pensionable salary during the last four years of his service in respect of each year of his pensionable service: Provided that such pension shall not exceed the said average.”; and

- (b) by the substitution for subsection (4) of the following subsection:

“(4) A pension payable in terms of subsection (1) shall be payable with effect from the day following the day of termination of the service of the member concerned.”.

3. Section 9 of the principal Act is hereby amended by the substitution for subsections (1) and (2) of the following subsections: Amendment of section 9 of Act 85 of 1965.

“(1) There shall be payable to any member who at any time on or after the first day of April, 1968, has occupied the office of Prime Minister, a pension of thirteen thousand rand per annum.

(2) Such pension shall be payable with effect from the day following the day of termination of such member's service as a member or as a Minister, whichever is the later date, and irrespective of the period of such member's pensionable service.”.

4. Section 10 of the principal Act is hereby amended by the substitution for subsections (1) and (2) of the following subsections: Amendment of section 10 of Act 85 of 1965, as amended by section 21 of Act 62 of 1966 and section 5 of Act 92 of 1967.

“(1) Subject to the provisions of subsection (3) of section 9 and subsections (2) and (3) of this section, a member who has occupied the office of—

- (a) Minister, President of the Senate, Speaker of the House of Assembly, Leader of the Opposition in the House of Assembly or Administrator;
 (b) Deputy Minister;
 (c) Deputy President and Chairman of Committees of the Senate, Deputy Speaker and Chairman of Committees of the House of Assembly, Chief Government Whip in the House of Assembly, Chief Whip of the official Opposition in the House of Assembly or commissioner-general;
 (d) Leader of the Opposition in the Senate, Chief Government Whip in the Senate, Chief Whip of the official Opposition in the Senate or Deputy Chairman of Committees of the House of Assembly; or
 (e) Assistant Whip in the Senate or in the House of Assembly,

shall, in addition to any other pension or benefit payable to him in terms of this Act, be entitled to a pension in respect of each completed year of service in such office calculated at the rate of—

- (i) three hundred and sixty rand per annum in the case of a member referred to in paragraph (a);
 (ii) two hundred and forty rand per annum in the case of a member referred to in paragraph (b);
 (iii) one hundred and eighty rand per annum in the case of a member referred to in paragraph (c);
 (iv) one hundred and twenty rand per annum in the case of a member referred to in paragraph (d); and
 (v) sixty rand per annum in the case of a member referred to in paragraph (e).

(2) The aggregate of any pensions payable in terms of this Chapter to any member referred to in subsection (1) shall not exceed the highest annual average of the member's salary during any uninterrupted period of four years of his service.”.

Wysiging
van artikel
5 van Wet 85
van 1965.

2. Artikel 5 van die Hoofwet word hierby gewysig—

(a) deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

„(1) Behoudens die bepalings van hierdie artikel, is daar by die beëindiging van sy diens, aan 'n lid wat minstens tien jaar pensioengewende diens gehad het, 'n pensioen betaalbaar bereken teen die skaal van een-vyf-en-twintigste van die jaarlikse gemiddelde van sy pensioengewende salaris gedurende die laaste vier jaar van sy diens ten opsigte van elke jaar van sy pensioengewende diens: Met dien verstande dat bedoelde pensioen nie genoemde gemiddelde te bowe gaan nie.”; en

(b) deur subartikel (4) deur die volgende subartikel te vervang:

„(4) 'n Pensioen betaalbaar ingevolge subartikel (1), is betaalbaar met ingang van die dag na die dag waarop die betrokke lid se diens ten einde loop.”.

Wysiging
van artikel
9 van Wet 85
van 1965.

3. Artikel 9 van die Hoofwet word hierby gewysig deur subartikels (1) en (2) deur die volgende subartikels te vervang:

„(1) Daar is aan 'n lid wat te eniger tyd op of na die eerste dag van April 1968 die amp van Eerste Minister beklee het, 'n pensioen van dertienduisend rand per jaar betaalbaar.

(2) Sodanige pensioen is betaalbaar met ingang van die dag na die dag van beëindiging van so 'n lid se diens as lid of as 'n Minister, na gelang van watter die laatste datum is, en ongeag die tydperk van so 'n lid se pensioengewende diens.”.

Wysiging
van artikel 10
van Wet 85 van
1965, soos gewysig
deur artikel 21 van
Wet 62 van 1966
en artikel 5 van
Wet 92 van 1967.

4. Artikel 10 van die Hoofwet word hierby gewysig deur subartikels (1) en (2) deur die volgende subartikels te vervang:

„(1) Behoudens die bepalings van subartikel (3) van artikel 9 en subartikels (2) en (3) van hierdie artikel, word 'n lid wat die amp van—

(a) Minister, President van die Senaat, Speaker van die Volksraad, Leier van die Opposisie in die Volksraad, of Administrateur;

(b) Adjunk-minister;

(c) Adjunk-president en Voorsitter van Komitees van die Senaat, Adjunk-speaker en Voorsitter van Komitees van die Volksraad, RegeringshoofswEEP in die Volksraad, HoofswEEP van die amptelike Opposisie in die Volksraad of kommissaris-generaal;

(d) Leier van die Opposisie in die Senaat, RegeringshoofswEEP in die Senaat, HoofswEEP van die amptelike Opposisie in die Senaat of Adjunk-voorsitter van Komitees van die Volksraad; of

(e) Assistent-sweep in die Senaat of in die Volksraad, beklee het, benewens enige ander pensioen of voordeel aan hom ingevolge hierdie Wet betaalbaar, geregtig op 'n pensioen ten opsigte van elke voltooide jaar van diens in bedoelde amp bereken teen die skaal van—

(i) driehonderd-en-sestig rand per jaar in die geval van 'n in paragraaf (a) bedoelde lid;

(ii) tweehonderd-en-veertig rand per jaar in die geval van 'n in paragraaf (b) bedoelde lid;

(iii) honderd-en-tagtig rand per jaar in die geval van 'n in paragraaf (c) bedoelde lid;

(iv) honderd-en-twintig rand per jaar in die geval van 'n in paragraaf (d) bedoelde lid;

(v) sestig rand per jaar in die geval van 'n in paragraaf (e) bedoelde lid.

(2) Die totaal van enige pensioene betaalbaar ingevolge hierdie Hoofstuk aan 'n in subartikel (1) bedoelde lid bedra nie meer as die lid se hoogste jaarlikse gemiddelde salaris gedurende enige ononderbroke vier jaar van sy diens nie.”.

5. Section 12 of the principal Act is hereby amended by the substitution for subsection (8) of the following subsection:

“(8) Any pension under this section shall be payable with effect from the day following the date of the death of the member or person concerned.”.

Amendment of section 12 of Act 85 of 1965, as amended by section 6 of Act 92 of 1967.

6. Section 16 of the principal Act is hereby amended—
(a) by the substitution for subparagraph (i) of subsection

Amendment of section 16 of Act 85 of 1965.

(2) (b) of the following subparagraph:

“(i) if one-half of the period of his pensionable service under the applicable pensions ordinance and the full period of his pensionable service as a Parliamentary member amount in the aggregate to more than nine years and six months, and if the period of his pensionable service as a Parliamentary member is not less than one year, a pension calculated at the rate of one-twenty-fifth of the annual average of his pensionable salary during the last four years of his service or the whole period of his service, whichever is the lesser period, in respect of each year of his pensionable service as a Parliamentary member not exceeding twenty-five years; or”;

(b) by the substitution for subparagraph (i) of subsection (3) (b) of the following subparagraph:

“(i) if one-half of the period of his pensionable service under the applicable pensions ordinance and the full period of his pensionable service as a Parliamentary member amount in the aggregate to more than nine years and six months, a pension calculated at the rate of one-twenty-fifth of the annual average of his pensionable salary during the last four years of his service or the whole period of his service, whichever is the lesser period, in respect of each year of his pensionable service as a Parliamentary member not exceeding twenty-five years; or”.

7. The following section is hereby substituted for section 20 of the principal Act:

“Supplementary pensions.

20. (1) If a participating member who has not held a specified office was entitled to receive a special pension, and if any pension or the aggregate amount of any pensions which become payable to him in terms of section 16 (2) or (3) is less than the annual average of his pensionable salary during the last four years of his service or the whole period of his service, whichever is the lesser period, the pension or the aggregate amount of the pensions payable to him in terms of section 16 (2) or (3) shall be supplemented—

(a) by an amount equal to the special pension to which he was entitled under the applicable pensions ordinance; or

(b) by an amount equal to the deficit, whichever is the lesser amount.

(2) If a participating member who has not occupied a specified office and who was entitled to receive a special pension, is not entitled to a pension in terms of section 16 he shall, with effect from the day following the last day of his service, be paid a pension equal to the special pension to which he was entitled under the applicable pensions ordinance: Provided that if the said special pension exceeds the annual average of his pensionable salary during the last four years of his service or the whole period of his service, whichever is the lesser period, the

Substitution of section 20 of Act 85 of 1965, as substituted by section 10 of Act 92 of 1967.

Wysiging van artikel 12 van Wet 85 van 1965, soos gewysig deur artikel 6 van Wet 92 van 1967.

5. Artikel 12 van die Hoofwet word hierby gewysig deur subartikel (8) deur die volgende subartikel te vervang:

„(8) Enige pensioen ingevolge hierdie artikel is met ingang van die dag na die datum van die dood van die betrokke lid of persoon betaalbaar.”.

Wysiging van artikel 16 van Wet 85 van 1965.

6. Artikel 16 van die Hoofwet word hierby gewysig—

(a) deur subparagraaf (i) van subartikel (2) (b) deur die volgende subparagraaf te vervang:

„(i) indien die helfte van die tydperk van sy pensioengewende diens ingevolge die toepaslike pensioenordonnansie en die volle tydperk van sy pensioengewende diens as 'n Parlementêre lid tesame meer as nege jaar en ses maande beloop, en indien die tydperk van sy pensioengewende diens as 'n Parlementêre lid minstens een jaar is, 'n pensioen bereken teen die koers van een-vyf-en-twintigste van die jaarlikse gemiddelde van sy pensioengewende salaris gedurende die laaste vier jaar van sy diens of die hele tydperk van sy diens, na gelang van watter tydperk die kortste is, ten opsigte van elke jaar van sy pensioengewende diens as 'n Parlementêre lid wat vyf-en-twintig jaar nie te bowe gaan nie; of”;

(b) deur subparagraaf (i) van subartikel (3) (b) deur die volgende subparagraaf te vervang:

„(i) indien die helfte van die tydperk van sy pensioengewende diens ingevolge die toepaslike pensioenordonnansie en die volle tydperk van sy pensioengewende diens as 'n Parlementêre lid tesame meer as nege jaar en ses maande beloop, 'n pensioen bereken teen een-vyf-en-twintigste van die jaarlikse gemiddelde van sy pensioengewende salaris gedurende die laaste vier jaar van sy diens, of die hele tydperk van sy diens, na gelang van watter tydperk die kortste is, ten opsigte van elke jaar van sy pensioengewende diens as 'n Parlementêre lid wat vyf-en-twintig jaar nie te bowe gaan nie; of”.

Vervanging van artikel 20 van Wet 85 van 1965, soos vervang deur artikel 10 van Wet 92 van 1967.

7. Artikel 20 van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang:

„Supplementêre pensioene.

20. (1) Indien 'n deelnemende lid wat nie 'n bepaalde amp beklee het nie, geregtig was om 'n spesiale pensioen te ontvang, en indien 'n pensioen of die totale bedrag van pensioene wat ingevolge artikel 16 (2) of (3) aan hom betaalbaar word, minder is as die jaarlikse gemiddelde van sy pensioengewende salaris gedurende die laaste vier jaar van sy diens of die hele tydperk van sy diens, na gelang van watter tydperk die kortste is, word die pensioen of die totale bedrag van die pensioene wat ingevolge artikel 16 (2) of (3) aan hom betaalbaar is, aangevul—

(a) met 'n bedrag gelyk aan die spesiale pensioen waarop hy ingevolge die toepaslike pensioenordonnansie geregtig was; of

(b) 'n bedrag gelyk aan die tekort, watter bedrag ook al die minste is.

(2) Indien 'n deelnemende lid wat nie 'n bepaalde amp beklee het nie, en wat geregtig was om 'n spesiale pensioen te ontvang, nie op 'n pensioen ingevolge artikel 16 geregtig is nie, word daar met ingang van die dag wat volg op die laaste dag van sy diens, aan hom 'n pensioen betaal gelyk aan die spesiale pensioen waarop hy ingevolge die toepaslike pensioenordonnansie geregtig was: Met dien verstande dat indien die gemelde spesiale pensioen meer is as die jaarlikse gemiddelde van sy pensioengewende salaris gedurende die laaste vier jaar van sy diens of die hele tydperk van sy diens, na gelang van watter tydperk die kortste is, die pensioen betaalbaar inge-

pension payable in terms of this subsection shall be reduced by an amount equal to the excess.

(3) If a participating member who has occupied a specified office, was entitled to receive a special pension, and if the aggregate amount of any pensions which become payable to him—

- (a) in terms of section 16 (2) or (3); and
- (b) in terms of section 10,

is less than the annual average of his salary during the last four years of his service or the whole period of his service, whichever is the lesser period, or the annual average salary referred to in section 10 (2), whichever is the higher average, the said aggregate amount shall be supplemented—

- (i) by an amount equal to the special pension he was entitled to receive; or
- (ii) by an amount equal to the deficit, whichever is the lesser amount.

(4) If a participating member who has occupied a specified office and who was entitled to receive a special pension, is not entitled to a pension in terms of section 16, and if the pension payable to him in terms of section 10 is less than the annual average of his salary during the last four years of his service or the whole period of his service, whichever is the lesser period, or the annual average salary referred to in section 10 (2), whichever is the higher average, the pension payable to him in terms of section 10 shall be supplemented—

- (a) by an amount equal to the special pension he was entitled to receive; or
- (b) by an amount equal to the deficit, whichever is the lesser amount.”.

8. Section 22 of the principal Act is hereby amended by the substitution for subsection (6) of the following subsection: Amendment of section 22 of Act 85 of 1965, as amended by section 11 of Act 92 of 1967.

“(6) Any pension under this section shall be payable with effect from the day following the date of the death of the member concerned.”.

9. This Act shall be called the Parliamentary Service and Administrators' Pensions Amendment Act, 1968, and shall be deemed to have come into operation on the first day of April, 1968. Short title and commencement.

volge hierdie subartikel met 'n bedrag gelyk aan die oorskot verminder word.

(3) Indien 'n deelnemende lid wat 'n bepaalde amp beklee het, geregtig was om 'n spesiale pensioen te ontvang, en indien die totale bedrag van pensioene wat aan hom betaalbaar word—

(a) ingevolge artikel 16 (2) of (3); en

(b) ingevolge artikel 10,

minder is as die jaarlikse gemiddelde van sy salaris gedurende die laaste vier jaar van sy diens of die hele tydperk van sy diens, na gelang van watter tydperk die kortste is, of die in artikel 10 (2) bedoelde jaarlikse gemiddelde salaris, watter gemiddelde ook al die hoogste is, word die gemelde totale bedrag aangevul—

(i) met 'n bedrag gelyk aan die spesiale pensioen wat hy geregtig was om te ontvang; of

(ii) met 'n bedrag gelyk aan die tekort, watter bedrag ook al die minste is.

(4) Indien 'n deelnemende lid wat 'n bepaalde amp beklee het en wat geregtig was om 'n spesiale pensioen te ontvang, nie op 'n pensioen ingevolge artikel 16 geregtig is nie, en indien die pensioen betaalbaar aan hom ingevolge artikel 10 minder is as die jaarlikse gemiddelde van sy salaris gedurende die laaste vier jaar van sy diens of die hele tydperk van sy diens, na gelang van watter tydperk die kortste is, of die in artikel 10 (2) bedoelde jaarlikse gemiddelde salaris, watter gemiddelde ook al die hoogste is, word die pensioen ingevolge artikel 10 aan hom betaalbaar, aangevul—

(a) met 'n bedrag gelyk aan die spesiale pensioen wat hy geregtig was om te ontvang; of

(b) met 'n bedrag gelyk aan die tekort, watter bedrag ook al die minste is."

Wysiging van artikel 22 van Wet 85 van 1965, soos gewysig deur artikel 11 van Wet 92 van 1967.

8. Artikel 22 van die Hoofwet word hierby gewysig deur subartikel (6) deur die volgende subartikel te vervang:

„(6) 'n Pensioen ingevolge hierdie artikel is betaalbaar vanaf die dag wat volg op die datum waarop die betrokke lid te sterwe gekom het.”.

Kort titel en inwerkingtreding.

9. Hierdie Wet heet die Wysigingswet op Pensioene vir Parlementsdiens en Administrateurs, 1968, en word geag in werking te getree het op die eerste dag van April 1968.

No. 57, 1968.]

ACT

To establish a corporation for the development and production of armaments; to amend the provisions of the Armaments Act, 1964, relating to officers and employees; and to provide for other incidental matters.

(Afrikaans text signed by the State President.)
(Assented to 10th June, 1968.)

BE IT ENACTED by the State President, the Senate and the House of Assembly of the Republic of South Africa, as follows:—

1. In this Act, unless the context otherwise indicates—
- Definitions.
- (i) "armaments" means armaments as defined in the Armaments Act, 1964 (Act No. 87 of 1964); (iv)
 - (ii) "Armaments Board" means the Armaments Board established under the Armaments Act, 1964; (v)
 - (iii) "board" means the board of directors referred to in section 5; (viii)
 - (iv) "company" means any association of persons, whether incorporated or unincorporated; (vi)
 - (v) "corporation" means the Armaments Development and Production Corporation of South Africa, Limited, established under section 2; (iii)
 - (vi) "director" means a director appointed under section 5; (i)
 - (vii) "Minister" means the Minister of Defence; (vii)
 - (viii) "regulations" means regulations made under this Act; (ix)
 - (ix) "Republic" includes the territory of South-West Africa; (x)
 - (x) "this Act" includes the regulations. (ii)

2. (1) As from a date to be fixed by the State President by proclamation in the *Gazette*, there shall be established a body to be known as the Armaments Development and Production Corporation of South Africa, Limited, which shall be a body corporate, capable of suing and being sued in its corporate name and of performing, subject to the provisions of this Act, all such acts as are necessary for or incidental to the carrying out of its objects, the exercise of its powers and the performance of its functions.

Establishment of Armaments Development and Production Corporation of South Africa, Limited.

(2) The Registrar of Companies shall enter the name of the corporation in his registers on the date so fixed.

3. The objects of the corporation shall be to meet as effectively and economically as may be feasible the armaments requirements of the Republic, including armaments required for export and firearms or ammunition required for supply to members of the public—

Objects and general powers of corporation.

- (a) by taking over and, if necessary, expanding any undertaking of the Armaments Board for the manufacture of armaments;
- (b) by taking over any direct or indirect financial interests of the Armaments Board in any undertaking connected with the manufacture of armaments;

No. 57, 1968.]

WET

Om 'n korporasie vir die ontwikkeling en vervaardiging van krygstuig in te stel; om die bepalings van die Krygstuigwet, 1964, met betrekking tot beamptes en werknemers te wysig; en om vir ander aangeleenthede wat daarmee in verband staan, voorsiening te maak.

(Afrikaanse teks deur die Staatspresident geteken.)
(Goedgekeur op 10 Junie 1968.)

DAAR WORD BEPAAL deur die Staatspresident, die Senaat en die Volksraad van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

Woord-
omskrywing.

1. In hierdie Wet, tensy uit die samehang anders blyk, beteken—

- (i) „direkteur” ’n direkteur kragtens artikel 5 aangestel; (vi)
- (ii) „hierdie Wet” ook die regulasies; (x)
- (iii) „korporasie” die Krygstuigontwikkelings- en vervaardigingskorporasie van Suid-Afrika, Beperk, kragtens artikel 2 ingestel; (v)
- (iv) „krygstuig” krygstuig soos in die Krygstuigwet, 1964 (Wet No. 87 van 1964), omskryf; (i)
- (v) „Krygstuigraad” die Krygstuigraad kragtens die Krygstuigwet, 1964, ingestel; (ii)
- (vi) „maatskappy” ’n vereniging van persone, hetsy met regspersoonlikheid beklee al dan nie; (iv)
- (vii) „Minister” die Minister van Verdediging; (vii)
- (viii) „raad” die raad van direkteure in artikel 5 bedoel; (iii)
- (ix) „regulasies” regulasies kragtens hierdie Wet uitgevaardig; (viii)
- (x) „Republiek” ook die gebied Suidwes-Afrika. (ix)

Instelling van
Krygstuigont-
wikkelings- en
vervaardigings-
korporasie van
Suid-Afrika,
Beperk.

2. (1) Vanaf ’n datum deur die Staatspresident by proklamasie in die *Staatskoerant* bepaal, word daar ’n liggaam ingestel bekend as die Krygstuigontwikkelings- en vervaardigingskorporasie van Suid-Afrika, Beperk, met regspersoonlikheid beklee en bevoeg om in sy naam as regspersoon as eiser en verweerder in regte op te tree en om behoudens die bepalings van hierdie Wet alle handelinge te verrig wat nodig is vir of in verband staan met die bereiking van sy oogmerke, die uitoefening van sy bevoegdhede en die verrigting van sy werksaamhede.

(2) Die Registrateur van Maatskappye teken die naam van die korporasie in sy registers aan op die aldus bepaalde datum.

Oogmerke en
algemene bevoegd-
hede van
korporasie.

3. Die oogmerke van die korporasie is om, so doeltreffend en ekonomies as wat doenlik is, te voorsien in die krygstuigbehoefte van die Republiek, met inbegrip van krygstuig vir uitvoer benodig en vuurwapens of ammunisie benodig vir verskaffing aan lede van die publiek—

- (a) deur ondernemings van die Krygstuigraad vir die vervaardiging van krygstuig oor te neem en, indien nodig, uit te brei;
- (b) deur regstreekse of onregstreekse finansiële belange van die Krygstuigraad in ’n aan die vervaardiging van krygstuig verbonde onderneming oor te neem;

- (c) by establishing, with the approval of the Minister granted in consultation with the Minister of Economic Affairs, new undertakings for the development or production of armaments;
- (d) by facilitating, promoting, guiding or assisting in the financing, with the approval of the Minister granted in consultation with the Minister of Economic Affairs, of new undertakings for the development or production of armaments or of schemes for the expansion, better organization, modernization or more efficient functioning of such undertakings already in existence;
- (e) by performing such functions as the Minister in consultation with the Minister of Economic Affairs may from time to time determine,

and to that end the corporation shall, in addition to any other powers vested in it by this Act, have power—

- (i) to promote or assist in the promotion of companies for the development or production of armaments in the Republic;
- (ii) to lend or advance money to, to acquire an interest in, or to provide, or by underwriting or otherwise to assist in the subscription of, capital for, any company engaged in or proposing to establish or to expand or modernize any undertaking for the development or production of armaments;
- (iii) to hold, manage, develop, let or hire, or buy, subscribe for or otherwise acquire, or sell or otherwise dispose of, or hypothecate or otherwise deal in, immovable or movable property of whatever kind, including stocks, shares, bonds, debentures and securities of, and any interest in, any company, and where necessary, to act as trustee for debenture holders;
- (iv) to make, draw, accept or endorse negotiable instruments;
- (v) to guarantee any undertaking given in relation to the financing of any company or the performance of any contract by any company;
- (vi) to act as the manager or secretary of any company, and to appoint any person to act on behalf of the corporation as a director of or in any other capacity in relation to any company, and to act as the agent or representative of other companies, whether carrying on business in the Republic or elsewhere;
- (vii) to procure the registration of the corporation in any country or territory,

and, generally, to enter into any contract or perform any act, whether in the Republic or elsewhere, which may be necessary for or incidental or conducive to the attainment of any of the objects of the corporation, or which is calculated directly or indirectly to enhance the value of the services which the corporation may render towards the development or production of armaments in the Republic, or which the Minister may from time to time determine.

4. In exercising its powers the corporation shall—

- (a) deal with any application, proposal or other matter with a view to meeting the armaments requirements of the Republic as effectively and economically as may be feasible, having regard to the strategic value of particular armaments;
- (b) carefully review all matters relating to raw materials necessary for the development or production of armaments, to the labour supply available for such development or production, to the rates of wages proposed to be paid and to the armaments requirements of the Republic, including armaments required

Manner in which
corporation shall
exercise its powers.

- (c) deur nuwe ondernemings vir die ontwikkeling of vervaardiging van krygstuig, met goedkeuring van die Minister verleen in oorleg met die Minister van Ekonomiese Sake, op te rig;
- (d) deur, met goedkeuring van die Minister verleen in oorleg met die Minister van Ekonomiese Sake, die finansiering van nuwe ondernemings vir die ontwikkeling of vervaardiging van krygstuig of van skemas vir die uitbreiding, verbeterde organisering, modernisering of meer doeltreffende funksionering van bedoelde ondernemings wat reeds bestaan, te vergemaklik, te bevorder, te lei of aan te help;
- (e) deur dié werksaamhede te verrig wat die Minister in oorleg met die Minister van Ekonomiese Sake van tyd tot tyd bepaal,

en vir die bereiking van daardie oogmerke het die korporasie, benewens ander bevoegdhede by hierdie Wet aan hom verleen, die bevoegdheid—

- (i) om maatskappye vir die ontwikkeling of vervaardiging van krygstuig in die Republiek te stig of met die stigting daarvan behulpsaam te wees;
- (ii) om aan 'n maatskappy wat verbonde is aan 'n onderneming vir die ontwikkeling of vervaardiging van krygstuig of voornemens is om so 'n onderneming op te rig of uit te brei of te moderniseer, geld te leen of voor te skiet, 'n belang daarin te verkry, of dit van kapitaal te voorsien, of deur garansie of andersins met die inskrywing van kapitaal daarvoor behulpsaam te wees;
- (iii) om onroerende of roerende goed van watter aard ook al, met inbegrip van effekte, aandele, verbande, obligasies en sekuriteite van en belange in 'n maatskappy, te hou, te bestuur, te ontwikkel, te verhuur of te huur, of te koop, daarop in te skrywe of dit andersins te verkry, of te verkoop of andersins te vervreem, of te verpand of andersins daarmee te handel, en waar nodig, as trustee vir obligasiehouers op te tree;
- (iv) om verhandelbare stukke te maak, te trek, aan te neem of te endosseer;
- (v) om 'n verpligting wat met betrekking tot die finansiering van 'n maatskappy of die uitvoering van 'n kontrak deur 'n maatskappy aangegaan is, te waarborg;
- (vi) om as die bestuurder of sekretaris van 'n maatskappy op te tree, en om 'n persoon aan te stel om namens die korporasie as 'n direkteur van of in 'n ander hoedanigheid met betrekking tot 'n maatskappy op te tree, en om as die agent of verteenwoordiger op te tree van ander maatskappye, hetsy hulle in die Republiek of elders sake doen;
- (vii) om die registrasie van die korporasie in enige land of gebied te bewerkstellig,

en, in die algemeen, om in die Republiek of elders kontrakte aan te gaan of handelinge te verrig, wat nodig is vir of verbonde is aan of bevorderlik is vir die bereiking van die een of ander oogmerk van die korporasie, of wat daarop bereken is om regstreeks of onregstreeks die waarde te verhoog van die dienste wat die korporasie ten opsigte van die ontwikkeling of vervaardiging van krygstuig in die Republiek kan lewer, of wat die Minister van tyd tot tyd bepaal.

Wyse waarop korporasie sy bevoegdhede uitoefen.

4. By die uitoefening van sy bevoegdhede moet die korporasie—

- (a) met 'n aansoek, voorstel of ander aangeleentheid handel met die oog op voorsiening in die krygstuigbehoefte van die Republiek op die mees doeltreffende en ekonomiese wyse wat doenlik is, met inagneming van die strategiese waarde van bepaalde krygstuig;
- (b) alle aangeleenthede sorgvuldig nagaan wat betrekking het op grondstowwe wat vir die ontwikkeling of vervaardiging van krygstuig nodig is, op die arbeidsbronne beskikbaar vir bedoelde ontwikkeling of vervaardiging, op die skale van voorgestelde lone wat betaal staan te word en op die krygstuigbehoefte van

for export and firearms or ammunition required for supply to members of the public, having regard to the markets available for the disposal of armaments.

5. (1) The affairs of the corporation shall be managed and controlled by a board of directors, which may exercise all the powers of the corporation subject to the provisions of this Act. Board of directors.

(2) The board shall consist of not less than seven and not more than nine directors to be appointed by the State President.

(3) No decision taken by the board or act performed under the authority of the board shall be invalid merely by reason of a vacancy on the board or of the fact that any person not entitled to sit as a director sat as a director at the time the decision was taken or the act was authorized, if the decision was taken or the act was authorized by the required majority of directors present at the time, who were entitled to sit as directors.

(4) The directors shall hold office for such period, not exceeding three years, as the State President may determine at the time of appointment, but shall be eligible for re-appointment: Provided that if in his opinion there are good reasons for doing so, the State President may at any time terminate the period of office of any director.

(5) A director designated by the State President as chairman, or, in his absence, a director so designated as deputy chairman, shall preside at any meeting of the board: Provided that if both the chairman and the deputy chairman are absent from any meeting of the board, a chairman elected by the directors present from among themselves, shall preside at such meeting.

(6) No member of the Senate or the House of Assembly or a provincial council or the Legislative Assembly of the territory of South-West Africa may be appointed as a director and any director shall, on becoming such a member, vacate his office.

(7) Subject to the provisions of subsection (8), the corporation shall out of its funds pay to a director such remuneration and allowances, and afford him such transport facilities in respect of his services as a director, as the Minister in consultation with the Minister of Finance may determine.

(8) In respect of his services as a director any person in the full-time service of the State shall receive no remuneration and shall not be paid any allowances exceeding those payable to him in respect of his work in the service of the State.

(9) A director shall not be personally liable for any loss or damage arising out of or in connection with the execution of his duties, unless the loss or damage is due to anything done in bad faith or to gross negligence or to failure to comply with any provision of this Act.

6. (1) The share capital of the corporation shall be one hundred million rand or such larger amount as the Minister may in consultation with the Minister of Finance from time to time on the recommendation of the board determine, and shall be divided into ordinary shares of one rand each. Share capital.

(2) Shares in the corporation may be taken up by the State only and shall not be transferable.

(3) The State shall take up shares in the corporation to such extent and subject to such conditions as the Minister may in consultation with the Minister of Finance from time to time determine.

(4) Subject to the provisions of subsection (5), shares in the corporation shall be paid for out of moneys appropriated by Parliament for the purpose.

(5) Shares in the corporation, equal in value to the value of any undertakings or other financial interests of the Armaments Board taken over by the corporation in terms of this Act, shall be issued to the State free of charge, and no charge shall be made by the Armaments Board for the transfer of such undertakings or financial interests to the corporation.

(6) The value of the undertakings or financial interests referred to in subsection (5) shall be such value as the Minister may in consultation with the Minister of Finance determine.

die Republiek, met inbegrip van krygstuig vir uitvoer benodig en vuurwapens of ammunisie benodig vir verskaffing aan lede van die publiek, met inagneming van die beskikbare afsetgebiede vir krygstuig.

Raad van direkteure.

5. (1) Die sake van die korporasie word bestuur en beheer deur 'n raad van direkteure wat bevoeg is om al die bevoegdhede van die korporasie behoudens die bepalinge van hierdie Wet uit te oefen.

(2) Die raad bestaan uit minstens sewe en hoogstens nege direkteure wat deur die Staatspresident aangestel word.

(3) Geen besluit van die raad of handeling op gesag van die raad verrig, is ongeldig nie bloot vanweë 'n vakature in die raad of omdat 'n persoon wat nie geregtig was om as direkteur sitting te neem nie, as direkteur sitting geneem het toe die besluit geneem of die handeling gemagtig is, indien die besluit geneem of die handeling gemagtig is deur die vereiste meerderheid van direkteure wat toe aanwesig was en geregtig was om as direkteure sitting te neem.

(4) Die direkteure beklee hul amp vir dié tydperk, maar hoogstens drie jaar, wat die Staatspresident ten tyde van hul aanstelling bepaal, maar kan weer aangestel word: Met dien verstande dat indien daar na sy oordeel gegronde redes daarvoor bestaan, die Staatspresident te eniger tyd die ampstermyn van 'n direkteur kan beëindig.

(5) 'n Deur die Staatspresident as voorsitter aangewese direkteur of, in sy afwesigheid, 'n aldus as adjunk-voorsitter aangewese direkteur, sit voor op 'n vergadering van die raad: Met dien verstande dat indien sowel die voorsitter as die adjunk-voorsitter van 'n vergadering van die raad afwesig is, 'n voorsitter deur die aanwesige direkteure uit hul midde verkies, op die vergadering voorsit.

(6) Geen lid van die Senaat of die Volksraad of 'n provinsiale raad of die Wetgewende Vergadering van die gebied Suidwes-Afrika kan as direkteur aangestel word nie en 'n direkteur ontruim sy amp sodra hy so 'n lid word.

(7) Behoudens die bepalinge van subartikel (8), betaal die korporasie uit sy fondse aan 'n direkteur dié besoldiging en toelaes en verskaf aan hom dié vervoergeriewe ten opsigte van sy dienste as direkteur, wat die Minister in oorleg met die Minister van Finansies bepaal.

(8) Ten opsigte van sy dienste as direkteur ontvang 'n persoon in die voltydse diens van die Staat geen besoldiging nie en word aan hom nie toelaes betaal wat groter is as dié wat ten opsigte van sy werk in diens van die Staat aan hom betaalbaar is nie.

(9) 'n Direkteur is nie persoonlik aanspreeklik vir verlies of skade wat uit of in verband met die nakoming van sy pligte ontstaan nie, tensy die verlies of skade te wyte is aan iets ter kwader trou gedoen of aan growwe nalatigheid of aan versuim om 'n bepaling van hierdie Wet na te kom.

Aandelekapitaal.

6. (1) Die aandelekapitaal van die korporasie bedra honderdmiljoen rand of dié groter bedrag wat die Minister in oorleg met die Minister van Finansies van tyd tot tyd op aanbeveling van die raad bepaal, en word in gewone aandele van 'n rand elk verdeel.

(2) Aandele in die korporasie word slegs deur die Staat opgeneem en is nie oordraagbaar nie.

(3) Die Staat neem aandele in die korporasie op in dié mate en behoudens dié voorwaardes wat die Minister in oorleg met die Minister van Finansies van tyd tot tyd bepaal.

(4) Behoudens die bepalinge van subartikel (5), word daar vir aandele in die korporasie betaal uit gelde deur die Parlement vir daardie doel bewillig.

(5) Aandele in die korporasie gelykwaardig aan die waarde van ondernemings of ander finansiële belange van die Krygstuigraad deur die korporasie ingevolge hierdie Wet oorgeneem, word kosteloos aan die Staat uitgereik, en geen vergoeding word deur die Krygstuigraad vir die oordrag van bedoelde ondernemings of finansiële belange aan die korporasie gevra nie.

(6) Die waarde van die in subartikel (5) bedoelde ondernemings of finansiële belange is dié waarde wat die Minister in oorleg met die Minister van Finansies bepaal.

7. The liability of the State as holder of the shares in the corporation shall be limited to the amount unpaid on shares held by it. Limitation of liability of State.

8. (1) The corporation shall, except in so far as this Act may otherwise provide, utilize all its assets solely for the attainment of its objects and matters incidental thereto, but may with the approval of the State President declare an annual dividend not exceeding eight per cent. Finances of corporation.

(2) The board shall cause proper records to be kept of all the financial transactions, assets and liabilities of the corporation.

(3) The accounts of the corporation shall be audited annually by a person registered as an accountant and auditor under the provisions of the Public Accountants' and Auditors' Act, 1951 (Act No. 51 of 1951), and nominated annually by the Minister.

(4) As soon as may be after the completion of every audit the board shall furnish the Minister with the report of the auditor containing such particulars as may be prescribed by the regulations, together with a report on the activities of the corporation containing particulars so prescribed, and the Minister shall lay each report and any statements of account accompanying such report on the Table of the Senate and of the House of Assembly within one month after receipt thereof by him, if Parliament is in ordinary session, or if Parliament is not in ordinary session, within one month after the commencement of the next ensuing ordinary session, unless disclosure of any such report may in the opinion of the Minister jeopardize the safety of the State.

(5) The board shall furnish the Minister with such information as he may call for from time to time in respect of the activities or financial position of the corporation.

9. The State President may make regulations in regard to— Regulations.

- (a) the place where the head office of the corporation shall be situated;
- (b) conditions or restrictions subject to which the board shall exercise the powers of the corporation, including the circumstances in which the board shall exercise such powers subject to the approval of the State President or the Minister or the Minister acting in consultation with any other Minister of State and the manner in which such powers shall be exercised in particular circumstances or in relation to companies promoted by the corporation;
- (c) the calling of and procedure and quorum at meetings of the board, including the manner of voting and the number of votes required for a decision of the board;
- (d) the preservation of secrecy in regard to the affairs of the corporation;
- (e) the keeping of records, minutes and books of account;
- (f) the contents of auditors' or other reports to be furnished to the Minister by the board;
- (g) the date on which the financial year of the corporation shall terminate;
- (h) the manner of calculating the price at which and the circumstances in which armaments shall be supplied by the corporation to the State, whether in general or in particular cases;
- (i) generally, all matters for which he deems it necessary or expedient to make regulations in order to achieve the objects of this Act.

10. The corporation shall not be wound up except by or under the authority of an Act of Parliament. Winding up of corporation.

11. No person shall carry on business and no company shall be registered under the Companies Act, 1926 (Act No. 46 of 1926), under or by a name in which the expression "Arm Scor" or "Krygkor" appears or which is identical with the name of the corporation or which so nearly resembles such name as to be cal- Use of name of corporation.

Beperking van
Staatsaanspreek-
likheid.

7. Die aanspreeklikheid van die Staat as houër van die aandeel in die korporasie word beperk tot die onopbetaalde bedrag ten opsigte van aandeel wat deur die Staat gehou word.

Finansies van
korporasie.

8. (1) Die korporasie wend al sy bates aan, behalwe vir sover hierdie Wet anders bepaal, slegs vir die bereiking van sy oogmerke en aangeleenthede wat daarmee in verband staan, maar kan met goedkeuring van die Staatspresident 'n jaarlikse dividend van hoogstens agt persent verklaar.

(2) Die raad moet van alle geldelike transaksies, bates en laste van die korporasie behoorlik boek laat hou.

(3) Die rekenings van die korporasie moet jaarliks geouditeer word deur 'n persoon wat kragtens die bepalings van die Wet op Openbare Rekenmeesters en Ouditeurs, 1951 (Wet No. 52 van 1951), as rekenmeester en ouditeur geregistreer is en wat jaarliks deur die Minister benoem word.

(4) So spoedig doenlik ná voltooiing van elke oudit moet die raad aan die Minister die ouditeursverslag verstrek wat die by regulasie voorgeskrewe besonderhede bevat, tesame met 'n verslag oor die bedrywighede van die korporasie wat aldus voorgeskrewe besonderhede bevat, en die Minister lê elke verslag en die rekeningstate wat bedoelde verslag vergesel, in die Senaat en in die Volksraad ter Tafel binne 'n maand nadat hy dit ontvang het, indien die Parlement in gewone sessie is, of, indien die Parlement nie in gewone sessie is nie, binne 'n maand na die aanvang van die eersvolgende gewone sessie, tensy openbaarmaking van bedoelde verslag na die oordeel van die Minister die veiligheid van die Staat aan gevaar kan blootstel.

(5) Die raad moet aan die Minister dié inligting verstrek wat hy van tyd tot tyd ten opsigte van die bedrywighede of geldelike stand van die korporasie aanvra.

Regulasies.

9. Die Staatspresident kan regulasies uitvaardig met betrekking tot—

- (a) die plek waar die hoofkantoor van die korporasie geleë moet wees;
